Lekker verjaar

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Du Plessis	Seun	09/16	023 312 2021	27845173130
Du Toit	Gys	09/16	023 316 1080	27834147776
Jordaan	Anni	09/16	0233123501	
de Kock	Mike	09/17		
Laubscher	Soekie	09/17		
Nieuwoudt	Piet	09/17	023 312 2718	27828763375
Burger	Ben (Reidstraat)	09/18	023 312 3948	
Gerber	Frankie	09/18	023 312 1437	27711712271
Joubert	Frans	09/18	023 316 1106	
Olivier	Andries	09/19		27738571640
Swart	Niel	09/19		27825745943
Bestbier	Petra	09/20	023 316 1133	27836502799
Neethling	Louise	09/20		277827955118
Rust	Erik	09/20	023 312 2805	27728606830
Du Plessis	Daniël	09/21	023 316 2838	27832412321
Keuler	Marais	09/21	023 316 1063	27828963947
Zülch	Casper	09/21		
Valentine	Sarina	09/22	023 316 1430	27827703514

NOTAS

Nederduitse Gereformeerde Kerk Ceresvallei

Pastorie: Vosstraat 61, Ceres 6835 Tel: 023 312 1437
Kantoor: H/V Porter en Vosstraat, Posbus 67, Ceres 6835 (T) 023 312 1602
(F) 086 604 4260, (E-pos) ngkceresval@telkomsa.net
Skriba: Marizelle Louw 073 144 2445
Koster: Cobus Rossouw 082 977 8369
LET WEL: Die Bulletin is ook beskikbaar op die webwerf by www.ngkceresvallei.co.za.
BANKBESONDERHEDE: ABSA Ceres, Tjekrekening nr 350580026

Bulletin 16 September 2018

Welkom by vandag se Nagmaalsfees/erediens

TEKS: Ps 119: 9-16
TEMA: Die pad na môre: in Jesus se voetspore.

Spesiale Offer gaan vandag aan Ramot.

VOORBIDDING::

1. Siekes: Christa Taljaard-Pelser
2. Beterskap: Jannie Taljaard, Lettie Bruyns, Susie Joubert
3. Annette Nieuwoudt - Seun Jannie: Groot motorongeluk
4. Eksamens/Toetsreeks: Hoërskool/Laerskool
5. Beroepingsproses

Ons lewe hier op aarde tussen twee datums: geboorte en sterwe. Die tydperk word dikwels vergelyk met 'n **pad** waarlangs 'n mens loop - my lewenspad. Van dié pad weet en ken ons wanneer ons terug-kyk. Daaroor kan ons in fyn besonderhede stories vertel. Dit is 'n pad vol lief en leed. Op die pad is ons gevorm tot die mens wie ons nou is deur omstandighede; die invloed van al ons mede reisvennote en die keuses wat ons gemaak het. Die pad wat voorlê, is nog versluier. Hoe ver, waarlangs en wat voorlê, is onbekend. Soos swaartekrag ons op moeder aarde anker, suig die toekoms ons deur sy skroefstroom en dwing ons om voete op te tel na môre. Niemand kan Mnr Kronos omkoop om vir een enkele sekonde 'n bietjie uit te span en tot stilstand te kom nie. Aan moet ons aan. Hoewel onbekend het ons hemelse Vader ons nie in die duister gelaat met betrekking tot die pad waarlangs ons kan loop nie. Ps 119: 9-16 som dit mooi op. Die **Bybel** is God se padkaart. Daarin dui Hy deur middel van pad-tekens die weg aan. Wat is nodig om dié padkaart reg te gebruik? Ons som dit op met 5 woorde: **begeerte** ("ek wil": vs 10a), **gebed** ("laat my": vs 10b), **verbintenis** ("aan U beloftes hou ek vas": vs 11: 15b), **leerbaarheid** ("leer my": vs. 12), **regte keuses** ("u verordeninge....gee meer vreugde as al die rykdomme.....": vs. 14). Tog, ten spyte van al die "padtekens", het die mens bly verdwaal. Toe kom Jesus. God se audio (=Woord) word toe 'n Video/DVD. Jesus demonstreer hoe ons die padtekens moet volg. Die spoor wat Hy getrap het, is nou die pad waarlangs ons kan volg. Steeds het ons die **Woord**, maar nou het ons meer! Ons het **Jesus die Goeie Herder,** die **Heilige Gees** wat ons help om die padkaart reg te lees. Ons het - **sakramente** waardeur Jesus sy trou waarborg en ons help **mekaar** om op die regte pad te bly.

BELYDENIS VAN GELOOF

Danie Basson, Heinrich van Coller, Adriaan Nelson, Hestia Kriegler, Juhani van Zyl, Nichlas Wheeler, Robert Matthee, Rochelle Marx en Wynand du Plessis lê vandag Belydenis van geloof af.

KOMMUNIKASIE

Het jy dalk belangrike inligting gemis? Gaan besoek gerus ons **webwerf:** **www.ngkceresvallei.co.za** om op te vang met die nuutste bulletins, preke en gebeure. 'n **Klankgreep** van die nuutste preek sal elke week teen Dinsdag op die webwerf wees. Kies net op die tuisblad "nuutste preek" en luister. Verlede Sondag se getuienisse is in twee klankgrepe geplaas. Jy kan nog daarna luister tot Maandag. Ons gaan probeer om die preek op die "broadcast" groep te plaas. Wees asb. geduldig met die groeipyne wat daar is. Sorg asb. dat jou nommer op die groep is deur die kerkkantoor te kontak indien jy nie ons boodskappe ontvang nie.

Ons is opgewonde om ons **#CeresvalleiInJesussevoetspore** veldtog bekend te stel. Deel gerus enige relevante foto's, videos en getuienis op Facebook en onthou om **#CeresvalleiInJesussevoetspore** daaraan te koppel. Raak vriende op Facebook met **"NG Kerk Ceresvallei"** of volg ons bladsy **"NG Ceresvallei Gemeente".**

Afskeid: Ds Frankie en Madelein

Ds. Frankie se afskeidspreek vind op Sondag, **23 September 2018, om 09:30** plaas. Almal word uitgenooi om die diens by te woon en ook 'n koppie tee na die diens te geniet.

Gemeentelede (kinders ingesluit) word ook uitgenooi na 'n heerlike geselligheid op **Dinsdag, 18 September 2018, in die kerksaal**. Tydens dié geleentheid sal u kans kry om sommer net lekker saam met ds. Frankie, Madelein en mede-gemeentelede te kuier en Ds Frankie-hulle te groet en hom geluk te wens met sy verjaarsdag!!

Vir dié wie nie kans sien om die koue te trotseer nie, is u welkom om **vanaf 16:00** te kom kuier. Die wie wel die koue kan trotseer, kan bietjie later die aand saam kom kuier.

Amptelike formaliteite sal om 18:30 begin – wat onder andere toesprake insluit.

Ligte verversings en iets te drinke sal vanaf 16:00 tot laat aand, bedien word.

POTJIEKOS: 13 OKTOBER 2018

Ons skop die laaste kwartaal af met 'n lekker gesellige potjiekosete by Laerskool Gericke se rugbyveld. Alles Ruimtes (geografies en vrye-assosiasie) organiseer hulle eie potte. Daar sal ook ekstra potte wees vir mense wat nie in Ruimtes is nie, of Ruimtes wat nie potte maak nie.

Daar word nie kaartjies verkoop nie.
Almal is welkom ! DAAG NET OP !!!

Tyd: Vure brand van 16:00 en ete word 18:00 bedien. Bring saam: eie drinkgoed, sitgoed, eetgerei, sambreel. Potmakers voorsien hulle eie hout.
Navrae: Johan du Plessis 073 169 1936

SKENKING VAN 'N SELFOON

Die kerk het 'n skenking van 'n selfoon ontvang. Baie dankie aan Hennie en Rita Spamer.

ELKE SONDAGOGGEND BID GELEENTHEID

Liewe Gemeentelid. Kom bid saam in die konsistorie elke Sondagoggend om 09:00.

Ons bid vir die aanstellingsproses van nuwe leraar, leiers van die gemeente, erediens en soos Heilige Gees ons verder lei.

Almal is welkom!"

JEUGPOS GESPREK TERUGVOERING

Daar is konsensus tussen vennote t.o.v. die volgende sake:
Die **fokus** van die Jeugpos is steeds die gemeenskap se jeug.
Die primêre fokus van die bediening aan die jeug is om hulle ongeag Denominasie tot 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus te begelei. Daarom is die teologiese onderbou en geestelike volwassenheid van die Jeugpos-bekleër van kardinale belang. Hoërskool Charlie's is die beste en mees sentrale punt vanwaar dié bediening kan plaasvind. Die KPA's van die pos moet in die lig van 'n herbesoek van die jeug se spesifieke behoeftes opgestel word. 'n Taakspan bestaande uit een verteenwoordiger van die vier vennote sal 'n aanbeveling aan die bestuur van die vennote voorberei. Hoewel die finansiële sy nie die bepalende faktor is vir of die pos voortgesit word al dan nie, moet die vergoeding, soos voorheen, dié van 'n intreevlak-onderwyser wees. Die moontlikheid van 'n span (waar lede met verskillende gawes en lewensverhale komplementerende en op 'n vrywillige basis) insette onder leiding van 'n koördineerder(Jeugwerker/leraar) lewer, moet ondersoek word. Die moontlikheid om 'n persoon met die gepaste vaardighede vir 'n interim periode aan te stel om 'n behoeftebepaling met die oog op 'n permanente aanstelling vir die jeugpos te maak, behoort ook ondersoek te word.
BESLUIT: 'n Taakspan van vier persone (een verteenwoordiger van elke vennoot) sal op DV 17 September 2018 bogenoemde sake bespreek en 'n voorstel formuleer vir voorlegging aan die Besture van die vier vennote. Taakspan : Max Michau (skool), Pierre Marais (Moeder), Dalene Conradie (Ceresvallei) en Hendrik (PA Hamlet).

AANDAG ALLE VOORNEMENDE KERSMARK-UITSTALLERS: Datum: 21-24 NOVEMBER 2018

Die jaarlikse kersmark word van vanjaar af in 'n privaathoedanigheid deur Martie Dippenaar georganiseer. Die Kersmarkfonds word vir projekte in die gemeenskap van die Ceresvallei aangewend. Voornemende uitstallers is welkom om haar te kontak by: Inskrywingsvorms is beskikbaar by: Ceres Lions Pre-Primêr, Reidstraat, Ceres of benmarphithi@mweb.co.za of skakel 023 3122 425 vir navrae.

IN DIE VOETSPORE van Jesus.... wat gaan ons gemeente help om in Sy voetspore te volg?

Om 'n liefdevolle opbouende geloofsgemeenskap te wees

Ons gemeente is 'n groep navolgers van Christus wat mekaar lief het, mekaar dien, opbou, leer, vermaan, bemoedig en ondersteun. Ons beleef die gemeenskap van gelowiges op 'n praktiese wyse binne die Ruimtes. Die erediens het 'n verwelkomende, warm, vriendelike atmosfeer en gemeentelede neem deel aan erediens, tot opbou van die gemeente.

Ons skep geleenthede vir mense om te getuig, die Goeie Nuus te hoor en te verander/vernuwe.

Kontak enige persoon op taakspan vir vernuwing of 083 267 7830 as julle enige idees het, wil help of 'n getuienis/storie het om te deel. Ons elkeen is 'n belangrike deel in die liggaam!

KALENDER:

1.	Maandag, 17 September:	Jeugpos-gesprek:
2.	Dinsdag, 18 September:	Afskeidskuier saam met Ds Frankie en Madelein (Kerksaal)
3.	Sondag, 23 September:	Afskeidspreek - Ds Frankie (09:30)